

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Mei 2019 – Nagmaal

Sing vooraf staande: Psalm 11:1, 3 (p. 47)

- 1 Ek skuil by God in al my onweersdae. / Hoe sê jul dan in kleingeloof vir my:
“Vlug soos ’n duif met snelle vleuelslae / na die gebergt’ van vrees en vyand vry!”
- 3 Daar is ’n God, ’n God wat hoog verhewe / uit sy paleis – sy bouwerk is so skoon! –
die oog het op wie laag op aarde lewe; / sy oordeel vel Hy van sy hoë troon.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / ’n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr’el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER ’t sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Psalm 43:3, 5 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is ’t my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 5 My siel, wat treur jy nog verslae / en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae; / strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod – / my redder is my God!

Skriflesing: Romeine 5:1-11

Kernverse: Romeine 5:1-2

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God. (Romeine 5:1-2 AFR53)

Tema: Drie voordele om geregverdig te wees deur die geloof

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, baie mense verkeer onder die indruk dat ’n verhouding met God ’n gee-en-neem-verhouding is. Dit is vir hulle ondenkbaar dat jy iets by die Here kan kry as jy nie eers iets vir Hom gegee of gedoen het nie. Dit is as gevolg

van hierdie indruk dat die Jode gedink het jy moet eers die wet nougeset gehoorsaam, dan sal God jou red van jou sonde en van die ewige oordeel.

Dit is egter nie net die Jode wat so dink nie. Daar is ook Christene wat onder die indruk is dat jy steeds eers jou deel moet doen, dan sal die Here sy deel vir jou doen. Wanneer dit by die verlossing deur Jesus Christus kom, sal hulle met jou saamstem dat Christus vir hulle sondes aan die kruis gesterf het. Maar om doodseker te maak dat jy voluit deel het aan die verlossing, moet jy ook nog jou goeie werke doen.

Die Here werk egter nie so met mense nie. Hy wag nie dat die mens eers iets doen wat Hom dan sal verplig om iets in ruil daarvoor te doen vir die mens nie. Die Heilige Gees het die apostel Paulus gebruik om die mense te laat insien dat God self die verhouding met die mens begin. Die Here het eerste lief, en deur die kragtige werk van die Heilige Gees word die mens oortuig om ook die Here lief te hê.

Toe Paulus hierdie brief aan die gelowiges in Rome geskryf het, was hy self nog nooit in Rome nie. Aan die einde van die brief kom ons agter dat hy wel enkele van die gelowiges in Rome geken omdat hy hulle iewers op sy sendingreise ontmoet het. Maar die hele gemeente in Rome ken hy nie so goed soos byvoorbeeld die gemeentes in Filippi en Korinte nie. Paulus het beplan om na afloop van sy derde sendingreis na Spanje te reis en op pad daarheen wil hy graag by Rome aandoen. Daarom het hy onder leiding van die Heilige Gees 'n baie duidelike uiteensetting van die evangelie wat hy verkondig, neergeskryf. En deel van hierdie uiteensetting van die evangelie is om dit baie duidelik te maak dat 'n mens slegs deur die geloof in Jesus Christus deur God geregverdig word.

Net sodat ons almal sal verstaan, sê ons net weer wat dit beteken om deur die geloof in Christus deur God geregverdig te word. Wanneer die Heilige Gees aan 'n mens die wedergeboorte en geloof skenk, dan glo daardie mens dat Jesus Christus hom ook van sy sonde en die ewige oordeel van God verlos het. Wanneer dit met 'n mens gebeur, verklaar God die Vader daardie mens geregverdig. Dit beteken dat God al die sondes van daardie mens ver-gewe, want die mens glo dan dat Christus vir sy sondes aan die kruis betaal het. En van daardie oomblik af behandel God daardie mens asof hy nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie. Ja, Hy behandel daardie mens so asof hy self net so volmaak gehoorsaam is aan God as wat Christus aan sy Vader gehoorsaam is.

Broers, susters en kinders, vanaf vers 21 in Romeine 3 tot aan die einde van hoofstuk 4 het Paulus dit duidelik gemaak dat 'n mens nie van sy kant af iets doen sodat God hom geregverdig moet verklaar nie. Intendeel, die mens kan absoluut niks doen sodat God hom geregverdig moet verklaar nie. Daarom het Paulus uitdruklik gesê dat God die goddelose geregverdig verklaar (Rom 4:5).

Hierdie evangelie dat God mense deur die geloof in Christus geregverdig verklaar, het Paulus nie self uitgedink nie. Dit is dieselfde evangelie wat God reeds in die Ou Testament in die dae van Abraham geopenbaar het. Abraham het die Here en sy beloftes geglo en God het Abraham geregverdig verklaar. Selfs Dawid het van hierdie geregverdiging deur die geloof getuig in onder andere Psalm 32. Wanneer God 'n mens geregverdig verklaar, is daar dus niks meer wat die mens moet doen om verlos te wees nie. Christus het so 'n mens volkome verlos.

Paulus weet verseker dat God hom deur die geloof in Christus geregverdig verklaar het. Deur die Gees is hy ook oortuig van die gelowiges in Rome se geloof in Christus. Daar is egter nog baie meer van die evangelie wat hy vir hulle moet skryf, maar voordat hy

daarmee voortgaan, word hy deur die Heilige Gees gedring om eers iets te sê oor die voordele om deur die geloof geregverdig te wees.

In hierdie eerste elf verse van Romeine 5 wys die Heilige Gees ons op 'n stuk van ses voordele wat die gelowige nou reeds geniet omdat hy deur die geloof in Christus geregverdig is. In ons kernverse let ons op die eerste drie voordele wat die Heilige Gees vir ons noem:

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus. (Romeine 5:1 AFR53)

Die eerste voordeel wat genoem word, is die vrede by God. Vrede by God is nie dieselfde as die vrede van God waarvan ons in Filippense 4 lees nie. Wanneer jy al jou sorge in gebed na die Here bring, skryf Paulus dat die vrede van God oor 'n mens sal wees. Daardie vrede is die rustigheid en kalmte dat jou omstandighede en probleme veilig in die hand van die Here is en Hy daarvan sal werk maak deur wysheid aan ons te skenk om met elkeen van die probleme te werk te gaan.

Om vrede by God te hê kom daarop neer dat die vyandskap wat tussen die Here en die mens was uit die weg geruim is en daar nou vrede heers. Dit beteken daar is niks meer in jou of aan jou waaroor die Here jou sal veroordeel nie. En dit is nie omdat die gelowige ewe skielik honderd persent gehoorsaam is aan die Here of omdat hy die Here volmaak liefhet nie. Let op hoe die gelowige vrede by God het – **deur onse Here Jesus Christus**.

Dit is op grond van die volmaakte gehoorsaamheid van Christus aan sy Vader – Jesus Christus het sy Vader se wil volmaak uitgevoer. Hy was gehoorsaam aan sy Vader tot in die dood aan die kruis. Deur sy dood aan die kruis het Christus die oordeel van God oor die sonde gedra in die plek van die gelowige. Omdat Christus die straf op die sonde volkome gedra het, is daar nou niks meer waaroor God die gelowige sal veroordeel nie.

Vir jou, gelowige, om hierdie vrede tussen God en jou te geniet, is dit nodig dat jy jou toevlug aanhoudend tot Christus moet neem. In ons voorbereiding vir hierdie nagmaal het ons weer ons lewens in oënskou geneem. Die Heilige Gees het vir ons nog dele in my en jou lewe gewys waar ons die Here nog nie heeltemal gehoorsaam nie. Ons het ook dinge ontdek wat heeltemal verkeerd is. Hierdie dinge het ons met diepe berou voor God bely en ons glo die vaste belofte dat Christus se dood ook vir daardie sondes van ons klaar betaal het. Daarom mag jy weet dat die vrede tussen God en jou 'n werklikheid is.

Deur Christus het ons ook deur die geloof die toegang verkry tot hierdie genade waarin ons staan. (Romeine 5:2a AFR53)

Die tweede voordeel wat Paulus noem, is die genade waarin gelowiges staan. Toe Christus aan die kruis gesterf het, het die voorhangsel tussen die heilige en allerheiligste deel van die tempel van bo tot onder middel deur geskeur. Deur sy geskeurde liggaam en gestorte bloed het Christus 'n nuwe en lewende weg oopgemaak vir die gelowiges na God self (Heb 10:19-20).

Na Christus se offer aan die kruis het die gelowiges nie meer nodig dat 'n hoëpriester in hulle plek voor die heilige God verskyn om vir hulle te bid nie. Deur Christus het die gelowiges nou toegang verkry na God self. Deur die geloof in Christus verenig die Heilige Gees die gelowige met Christus sodat die gelowige met Christus en sy volmaakte werk bekleed kan wees en in die heilige teenwoordigheid van God mag kom. In gebed mag die gelowige

nou en enige ander oomblik deur Christus tot die genadetroon van God kom en Hom om genade smeek.

Selfs wanneer ons opstaan en na die tafel van die Here kom, kom niemand van ons op grond van ons eie goeie hoedanighede na die tafel nie. Ons bely dan dat ons nog ver tekort skiet in ons geloof en aan ons liefde vir God en ons naaste. Nee, wanneer ons na die tafel van die Here kom om die versekering te ontvang dat Christus werklik ons skulde betaal het, kom ons ook hierheen bekleed met Christus. Dit is op grond van sy offer aan die kruis wat ons mag nagmaal vier en deur die geloof word die genade van kind wees van God en vergifnis van sonde aan my en jou gegee.

Deur die geloof in Christus het die gelowiges permanent toegang tot hierdie genade. Daarom sê Paulus dat **ons in hierdie genade van God staan**. Gelowiges mag die rykdom van God se genade oor en oor geniet, want deur die geloof is hulle aan Christus gebind en Hy is die regmatige erfgenaam van God se ryke genade.

Gelowige, wanneer jy jou vertrou in Christus gestel het, is Christus jou toegang tot God se teenwoordigheid – God, wat nou in Christus jou liefdevolle Vader is. Luister net watter rykdom daar in die genade is waarin jy deur Christus mag staan:

As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?

(Romeine 8:31b-35a AFR53)

Wie deur die geloof in Christus geregverdig is, het dus vrede by God en vrye toegang tot die genade van God waarin hy staan. Maar daar is nog 'n derde voordeel:

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, ... roem ons in die hoop op die heerlikheid van God. (Romeine 5:1a, 2b AFR53)

Ware gelowiges het dus hierdie versekering waarna hulle met verwagting uitsien – hulle sal die heerlikheid van God en Christus sien en hulle sal self in die heerlikheid van God deel. Oor hierdie versekering is hulle uitbundig van vreugde.

Dit is die tweede keer dat Paulus van hoop praat. In Romeine 4:18 het hy gesê dat Abraham teen hoop op hoop geglo het. En daar het dit in besonder gegaan oor die belofte wat God aan Abraham gemaak aangaande die nageslag. Hoop in die Bybel is glad nie 'n onsekerheid nie – soos wanneer jy sê: Ek hoop dit reën môre. Hoop is 'n absolute sekerheid omdat dit vasstaan op die belofte van God wat nooit vals is nie. Jy hoop op die belofte van die Here omdat jy dit nog nie ontvang het nie (Rom 8:24-25). Dit is dieselfde om te sê dat jy met verwagting uitsien na die belofte van die Here, want jy weet dat jy dit beslis sal ontvang.

Om te hoop op die heerlikheid van God beteken enersyds dat die gelowiges met groot verwagting uitsien om die heerlikheid van God en Christus te sien. Die heerlikheid van God is al die majesteit en glorie waarmee God omkleed is. Tans kan die mens God nog nie so in al sy heerlikheid sien nie, want die mens is nog 'n sondaar (vgl. Eks 33:18-23). Maar Jesus gee self die belofte dat die wat rein van hart is, God sal sien (Matt 5:8). En in sy eie

gebed het Jesus gevra dat die mense wat aan Hom behoort by Hom mag wees sodat hulle sy heerlijkheid kan sien (Joh 17:24).

Om te hoop op die heerlijkheid van God beteken verder ook dat die gelowiges deel sal hê aan die heerlijkheid van God. Weens die sonde ontbreek dit die mens nog aan die heerlijkheid van God (Rom 3:23). Hierdie heerlijkheid is om volmaak beeld van God te wees, soos wat God die mens geskape het. Maar die Heilige Gees is tans besig om die beeld van God in die gelowiges te herstel. En op die dag van Christus se wederkoms sal die gelowiges weer volmaak die beeld van God wees en nie meer ontbreek aan die heerlijkheid van God nie (Rom 8:29).

Paulus skryf dat die gelowiges roem in die hoop op die heerlijkheid van God. In die begrip *roem* is *sekerheid* en *vreugde* opgesluit. Wanneer 'n mens in die Here en in sy werke roem, verheerlik jy die Here. Om te roem in die hoop op die heerlijkheid van God is dus om met sekerheid en uitbundige vreugde uit te sien na die dag wanneer jy die heerlijkheid van God kan sien en self in die heerlijkheid kan deel.

Wanneer ons nagmaal vier, dan is hierdie roem in die hoop op die heerlijkheid van God ook eie aan elkeen wat na die tafel van die Here kom. Die fees van die nagmaal laat elkeen met groot verlange uitsien na die bruilofsmaal van die Lam. By die bruilofsmaal van die Lam sal Jesus Christus self die brood en wyn aan jou gee. En jy sal Hom en sy Vader sien in al hulle majesteit en glorie, want dan het die Heilige Gees die beeld van God in jou volmaak herstel.

Geliefde broer, suster en kind, jy wat deur die Heilige Gees oortuig is dat God jou regverdig verklaar het – daar is nou vrede tussen jou en God, jy mag vasstaan in die genade wat Christus vir jou verdien het, met die heerlike vooruitsig dat jy God en Christus sal sien en in God se heerlijkheid deel. Om nagmaal te vier gee aan jou die versekering dat hierdie woorde van die Here ook waar is vir jou.

Amen!

Gebed

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Aan tafel: Psalm 116

Met die terugbeweeg: Psalm 118

Slotpsalm 119:53, 59 (p. 597)

- 53 Tot U roep ek; HEER, verhoor my, / en verlos my, maak my trou,
dat ek u getuienisse / heel my lewe lank kan hou.
Op u woord steun my verwagting: / smôrens by die eerste lig

is my oë en my hande / en my stem tot U gerig.

59 Leuens haat ek; in u wette / is my lus en liefde^oaltdy:
en die ganse dag deur sing ek / lof op u geregtigheid.
Vrede is daar, enkel vrede, / en dit daal in die gemoed
van wie u bevele liefhet, / vrede sonder teëspoed.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Mei 2019